

# 2024 Yearbook

**Faculty of  
Engineering  
Undergraduate**

**Fakulteit  
Ingenieurswese  
Voorgaads**



Address all correspondence to:

The Registrar  
North-West University  
Private Bag X1290  
Potchefstroom  
2520

Tel: (018) 299-1111/2222

Fax: (018) 299-4910

Internet: <http://www.nwu.ac.za>

PLEASE MENTION YOUR UNIVERSITY NUMBER IN ALL CORRESPONDENCE.

The General Academic Rules of the University, to which all students have to subject themselves and which apply to all the qualifications offered by the University, appear in a separate publication and are available on the web at: <https://www.nwu.ac.za/sites/www.nwu.ac.za/files/files/i-governance-management/policy/2023/7P/A-Rules-approved-by-Council-16-Nov-2023.pdf>

**Please note:** Although the information in this calendar has been compiled with the utmost care and accuracy, the Council and the Senate of the University accept no responsibility whatsoever for errors that may occur. Before students finally decide on the selection of modules, they must consult the class timetable. If a clash occurs in the planned selection of a student, the relevant module combination is not permitted.

*Rig alle korrespondensie aan:*

*Die Registrateur  
Noordwes-Universiteit  
Privaatsak X1290  
Potchefstroom  
2520*

*Tel: (018)299-1111/2222*

*Faks: (018)299-4910*

*Internet: <http://www.nwu.ac.za>*

*U UNIVERSITEITSNOMMER MOET ASSEBLIEF IN ALLE KORRESPONDENSIE VERMELD WORD.*

*Die Algemene Akademiese Reëls van die Universiteit, waaraan alle studente hulle moet onderwerp en wat op al die kwalifikasies wat die Universiteit aanbied, van toepassing is, verskyn in 'n afsonderlike bundel op die web by: <http://www.nwu.ac.za/yearbooks>.*

**Let Wel:** *Ofskoon die inligting wat in hierdie Jaarboek opgeneem is so noukeurig moontlik saamgestel is, aanvaar die Raad en die Senaat van die Universiteit hoegenaamd geen aanspreeklikheid vir onjuisthede wat hierin mag voorkom nie. In die besonder bly dit elke student se verantwoordelikheid om hom/haar deeglik te vergewis van die klasrooster en moontlike roosterbotsings voordat hy/sy finaal oor die keuse van modules besluit. Indien daar 'n botsing by 'n student se voorgename keuse voorkom, is die betrokke kombinasie van modules ontoelaatbaar.*

# Contents

<b>ENG.1 GENERAL / ALGEMEEN</b> .....	<b>1</b>
<b>ENG.1.1 THE ENGINEERING PROFESSION / DIE INGENIEURSBEROEP</b> .....	<b>2</b>
ENG.1.1.1 The Role of the Professional Engineer / Die Professionele Ingenieur se rol.....	2
ENG.1.1.2 Professional ethics / Professionele etiek.....	2
ENG.1.1.3 Registration as Professional Engineer / Registrasie as Professionele Ingenieur .....	3
<b>ENG.1.2 PROFESSIONAL STATUS / PROFESSIONELE STATUS</b> .....	<b>4</b>
ENG.1.2.1 ECSA Accreditation / ECSA Akkreditasie.....	4
ENG.1.2.2 International Comparability / Internasionale Erkenning.....	5
<b>ENG.2 FACULTY RULES</b> .....	<b>6</b>
<b>ENG.2.1 AUTHORITY OF THE GENERAL ACADEMIC RULES / GESAG VAN DIE ALGEMENE AKADEMIESE REËLS</b> .....	<b>6</b>
ENG.2.1.1 General Provisions / Algemene Bepalings.....	6
<b>ENG.2.2 ACADEMIC LITERACY / AKADEMIESE GELETTERDHEID</b> .....	<b>7</b>
<b>ENG.2.3 WARNING AGAINST PLAGIARISM / WAARSKUWING TEEN PLAGIAAT</b> .....	<b>13</b>
<b>ENG.2.4 CAPACITY STIPULATION / KAPASITEITSBEPALINGS</b> .....	<b>13</b>
<b>ENG.2.5 PROTECTION OF PERSONAL AND EDUCATION-RELATED INFORMATION / BESKERMING VAN PERSOONLIKE EN OPVOEDKUNDIG-VERWANTE INLIGTING</b> .....	<b>13</b>
<b>ENG.2.6 ADMISSION REQUIREMENTS FOR THE QUALIFICATION AND FACULTY / KWALIFIKASIE EN FAKULTEIT-SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES</b> .....	<b>14</b>
ENG.2.6.1 General / Algemeen.....	14
ENG.2.6.2 Admission from BSc to BEng / Toelating vanaf BSc na BIng.....	14
ENG.2.6.3 Joining from another university / Toelating vanaf 'n ander universiteit .....	15
<b>ENG.2.7 RECOGNITION OF PRIOR LEARNING / ERKENNING VAN VORIGE LEER</b> .....	<b>16</b>
ENG.2.7.1 Amendment of curriculum and/or qualification / Wysiging van kurrikulum en/of kwalifikasie .....	16
<b>ENG.2.8 REGISTRATION / REGISTRASIE</b> .....	<b>17</b>
<b>ENG.2.9 ASSESSMENT / ASSESSERING</b> .....	<b>20</b>
<b>ENG.2.10 ATTAINMENT OF AN UNDERGRADUATE QUALIFICATION / VERWERWING VAN VOORGRAADSE KWALIFIKASIE</b> .....	<b>29</b>
ENG.2.10.1 Satisfaction of requirement / Voldoening aan die vereistes.....	29
ENG.2.10.2 Qualification with distinction / Toekenning van graad met lof.....	29
<b>ENG.2.11 ASSUMED LEARNING-BASED PROGRESS IN A CURRICULUM / VORDERING IN 'N PROGRAM GEBASEER OP VERONDERSTELDE LEER</b> .....	<b>29</b>
ENG.2.11.1 Requirements with respect to assumed prior learning for BEng programmes / Vorderingsvereistes vir BIng programme.....	30
<b>ENG.2.12 MONITORING OF ACADEMIC PERFORMANCE / MONITERING VAN AKADEMIESE VORDERING</b> 31	

<b>ENG.2.13 PROGRESSION REQUIREMENTS (GENERAL ACADEMIC RULE 1.16) / VORDERINGSVEREISTES (ALGEMENE AKADEMIESE REËL 1.16)</b> .....	<b>32</b>
<b>ENG.2.14 TERMINATION OF STUDIES / BEËINDIGING VAN STUDIE</b> .....	<b>33</b>
<b>ENG.2.15 FACULTY RULES PERTAINING TO THE ISSUING OF WARNING LETTERS</b> .....	<b>33</b>
<b>ENG.3 OTHER SPECIFIC FACULTY RULES / ANDER SPESIFIEKE FAKULTEITSREËLS</b> .....	<b>35</b>
<b>ENG.3.1 MINIMUM AND MAXIMUM DURATION / MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR</b> .....	<b>35</b>
<b>ENG.3.2 MEDIUM OF INSTRUCTION / TAAL VAN ONDERRIG</b> .....	<b>36</b>
<b>ENG.3.3 PRACTICAL TRAINING IN INDUSTRY DURING STUDY PERIOD / PRAKTIESE OPLEIDING IN DIE NYWERHEDE GEDURENDE STUDIETYDPERK</b> .....	<b>36</b>
<b>ENG.3.4 EQUIPMENT / TOERUSTING</b> .....	<b>36</b>
<b>ENG.3.5 NETWORK SERVICES / NETWERKDIENTE</b> .....	<b>37</b>
<b>ENG.4 SCHOOLS IN THE FACULTY OF ENGINEERING / SKOLE IN DIE FAKULTEIT</b> .....	<b>38</b>
<b>ENG.5 QUALIFICATIONS, PROGRAMMES AND CURRICULA / KWALIFIKASIES, PROGRAMME EN KURRIKULUMS</b> .....	<b>39</b>
<b>ENG.5.1 BACHELOR OF ENGINEERING (BENG) / BACCALAUREUS INGENERIAE (BING)</b> .....	<b>40</b>
<b>ENG.5.2 COMPOSITION OF THE CURRICULA / SAMESTELLING VAN KURRIKULUMS</b> .....	<b>41</b>
<b>ENG.5.2.1 ECSA Graduate Attributes / ECSA Graduandi-Eienskappe</b> .....	<b>43</b>
<b>ENG.5.2.2 Articulation possibilities / Artikulasiemoontlikhede</b> .....	<b>43</b>
<b>ENG.5.2.3 Knowledge / Kennis</b> .....	<b>44</b>
<b>ENG.5.2.4 Skills / Vaardighede</b> .....	<b>44</b>
<b>ENG.5.2.5 Values / Waardes</b> .....	<b>45</b>
<b>ENG.5.3 PHASING IN AND OUT OF PROGRAMMES/CURRICULA / IN- EN UITFASEER VAN PROGRAMME/KURRIKULUMS</b> .....	<b>46</b>
<b>ENG.6 SCHOOL OF CHEMICAL AND MINERALS ENGINEERING</b> .....	<b>47</b>
<b>ENG.6.1 CHANGING A PROGRAMME</b> .....	<b>47</b>
<b>ENG.6.2 TOTAL PROGRAMME CREDITS</b> .....	<b>47</b>
<b>ENG.6.3 CURRICULA</b> .....	<b>48</b>
<b>ENG.7 SCHOOL OF ELECTRICAL, ELECTRONIC AND COMPUTER ENGINEERING</b> .....	<b>54</b>
<b>ENG.7.1 CHANGING A PROGRAMME</b> .....	<b>55</b>
<b>ENG.7.2 TOTAL PROGRAMME CREDITS</b> .....	<b>55</b>
<b>ENG.7.3 CURRICULA</b> .....	<b>56</b>
<b>ENG.8 SCHOOL OF MECHANICAL ENGINEERING</b> .....	<b>62</b>
<b>ENG.8.1 CHANGING A PROGRAMME</b> .....	<b>63</b>
<b>ENG.8.2 TOTAL PROGRAMME CREDITS</b> .....	<b>63</b>
<b>ENG.8.3 CURRICULA</b> .....	<b>64</b>

<b>ENG.9 SCHOOL OF INDUSTRIAL ENGINEERING .....</b>	<b>68</b>
<i>ENG.9.1 CHANGING A PROGRAMME.....</i>	<i>69</i>
<i>ENG.9.2 TOTAL PROGRAMME CREDITS .....</i>	<i>69</i>
<i>ENG.9.3 CURRICULA.....</i>	<i>70</i>
<b>ENG.10 LIST OF PROGRAMME MODULES / MODULE LYS.....</b>	<b>72</b>
<b>ENG.11 MODULE OUTCOMES / MODULE UITKOMSTES .....</b>	<b>84</b>

**NWU Office Bearers / NWU Ampsdraers**

**Chancellor / Kanselier**

Dr ATM Mokgokong

**Vice-Chancellor / Vise-Kanselier**

Dr B Tyobeka

**Vice-Principal / Vise-Prinsipaal**

Prof LA du Plessis

**Deputy Vice-Chancellor: Assigned functions and Potchefstroom campus operations / Adjunk Vise-Kanselier: Toegewysde funksies en Potchefstroomkampusbedryf**

Prof DM Balia

**Deputy Vice-Chancellor: Planning and Vaal Triangle campus operations / Adjunk Vise-Kanselier: Beplanning en Vaaldriehoekkampusbedryf**

Prof LA du Plessis

**Deputy Vice-Chancellor: Assigned functions and Mafikeng campus operations / Adjunk Vise-Kanselier: Toegewysde funksies en Mafikengkampusbedryf**

Prof S Swanepoel (Acting)

**Deputy Vice-Chancellor: Teaching and Learning / Adjunk Vise-Kanselier: Onderrig en Leer**

Prof R Balfour

**Deputy Vice-Chancellor: Research and Innovation / Adjunk Vise-Kanselier: Navorsing en Innovasie**

Prof J Mphahlele

**Executive Director: Student Life / Uitvoerende Direkteur: Studentelewe**

Dr S Chalufu

**Registrar / Registrateur**

Prof MM Verhoef

**NWU Executive Deans / NWU Uitvoerende Dekane**

**Faculty of Economics and Management Sciences / *Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe***

Prof B Surujlal

**Faculty of Education / *Fakulteit Opvoedkunde***

Prof LN Conley

**Faculty of Engineering / *Fakulteit Ingenieurswese***

Prof L van Dyk

**Faculty of Health Sciences / *Fakulteit Gesondheidswetenskappe***

Prof AF Kotzé

**Faculty of Humanities / *Fakulteit Geesteswetenskappe***

Prof D Moyo

**Faculty of Law / *Fakulteit Regte***

Dr N Morei

**Faculty of Natural and Agricultural Sciences / *Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe***

Prof DM Modise

**Faculty of Theology / *Fakulteit Teologie***

Dr H Goede

**FACULTY BOARD****Chairperson**

Prof L van Dyk (Executive Dean)

**Directors*****School of Chemical and Minerals Engineering***

Ms N Leokaoke

***School of Electrical, Electronic and Computer Engineering***

Prof G van Schoor

***School of Mechanical Engineering***

Prof Attie Jonker (acting)

***School of Industrial Engineering***

Prof Henri Marais (acting)

**Centre for Engineering Education**

Prof M le Roux

**Unit for Energy and Technology Systems**

Prof R Coetzee

**Research Director**

Prof HWJP Neomagus

**Business Development and Stakeholder Engagement**

Prof Raj Siriram

**Academic staff****Professor**

Prof A Jonker

**Associate Professors**

Prof V Naicker

Vacant

**Senior Lecturers**

Dr A Eloka-Eboka

Dr MH du Toit

Prof LJ Grobler

Vacant

**Lecturers**

Dr F Moyo

Dr P van Vuuren

Vacant

**Junior Lecturers**

Mrs C du Plessis

Vacant

**Student Representative**

Chairperson Ingenium

**Faculty Administrator**

Mrs B Mackenzie



## **ENG.1 GENERAL / ALGEMEEN**

The Faculty of Engineering of the NW University officially came into existence in 1982. In 1992 the Faculty relocated from the Vaal Triangle to Potchefstroom. The Faculty comprises four schools offering training, teaching, postgraduate study and research in seven specialised fields in Engineering.

The spirit of the North-West University is reflected in the way we unlock the future for people and enable them to make their dreams come true.

This spirit runs across all our activities and operations, from our academic offerings and research to our student body, community engagement and sports achievements.

The NWU is committed to functioning as a unitary, integrated multi-campus university that will enable equity, redress and globally competitive teaching and research across all campuses.

The Faculty of Engineering of the North-West University continually strives to be a training hub for high-quality, versatile and innovative engineers. We pride ourselves on world-class teaching standards, a sound value system, innovative thinking and passion.

Engineers find ways to do things better, faster and more efficient. They make life easier by adding value to and optimising available resources. They reduce manufacturing costs by designing better processes.

*Die Fakulteit Ingenieurswese van die NW-Universiteit het in 1982 amptelik tot stand gekom. In 1992 het die fakulteit van die Vaaldriehoek na Potchefstroom verskuif. Die Fakulteit bestaan uit vier skole wat opleiding, onderrig, nagraadse studie en navorsing in sewe gespesialiseerde rigtings in Ingenieurswese aanbied.*

*Die gees van die Noordwes-Universiteit word weerspieël in die manier waarop ons die toekoms vir mense ontsluit en hulle in staat stel om hul drome waar te maak.*

*Hierdie gees is teenwoordig in al ons aktiwiteite en werksaamhede, van ons akademiese aanbod en navorsing tot ons studentekorps, gemeenskapsbetrokkenheid en sportprestasies.*

*Die NWU is daartoe verbind om as 'n unitêre, geïntegreerde multikampusuniversiteit te funksioneer, wat billikheid, regstelling en internasionaal mededingende onderrig en navorsing oor al die kampusse heen sal bemoontlik.*

*Die Fakulteit Ingenieurswese streef voortdurend daarna om 'n opleidingsmiddelpunt vir hoë kwaliteit, veelsydige en innoverende ingenieurs te wees. Ons is trots op ons wêreldklas standaarde, gegronde waardesisteme, innoverende denke en passie.*

*Ingenieurs vind maniere om alledaagse dinge beter, vinniger en meer doeltreffend te doen. Hulle maak ons lewens makliker deur beskikbare bronne te optimaliseer en vervaardigingskoste te verminder deur beter prosesse te ontwerp.*

**For information regarding postgraduate study, you are referred to the Postgraduate Calendar. Vir inligting oor nagraadse studie, word u verwys na die Nagraadse Jaarboek.**

## **ENG.1.1 THE ENGINEERING PROFESSION / DIE INGENIEURSBEROEP**

### **ENG.1.1.1 The Role of the Professional Engineer / Die Professionele Ingenieur se Rol**

Engineering refers to the practice of the organising of the design, construction and operation of artefacts (products, processes or systems) which transform the physical world around us, in order to satisfy certain identified needs. Engineers study science and use it to solve problems of practical importance, typically by a process known as creative synthesis or design. Engineers are members of a profession and are responsible for the discerning application of their knowledge with a view to the sustainable economic progress and welfare of humanity.

Although engineering as a profession has its origin in the earliest development of humankind, it was only in the middle of the nineteenth century that scientific methodology was first systematically applied to solve engineering problems and when a start was made with the establishment of engineering schools, leading to engineering being recognised as a “learned profession”.

With the impact of technology on our society engineering plays an increasingly important role concerning economic development. Excellent work opportunities exist for engineers in almost all sectors of the economy, both locally and overseas.

The purpose of the BEng degree is to equip students with the necessary knowledge to be able to practise as professional engineers.

*Ingenieurswese verwys na die praktyk van organisering van die ontwerp, konstruksie en bedryf van artefakte (produkte, prosesse of stelsels) wat die fisiese wêreld rondom ons transformeer ten einde sekere geïdentifiseerde behoeftes te bevredig. Ingenieurs bestudeer die wetenskap en pas dit toe om probleme van praktiese belang op te los, tipies deur 'n proses wat bekend staan as kreatiewe sintese of ontwerp.*

*Ingenieurs is lede van 'n professie en is verantwoordelik vir die oordeelkundige toepassing van hulle kennis vir die volhoubare ekonomiese vooruitgang en welsyn van die mensdom.*

*Alhoewel ingenieurswese as professie sy oorsprong in die vroegste ontwikkeling van die mensdom het, was dit eers in die middel van die negentiende eeu, toe daar die eerste keer begin is om wetenskaplike metodes sistematies toe te pas om ingenieursprobleme op te los en toe daar begin is met die stigting van ingenieurskole en -verenigings, dat dit erkenning begin geniet het as 'n “geleerde professie”.*

*Met die toenemende invloed van tegnologie op ons samelewing speel ingenieurs 'n al hoe belangriker rol ten opsigte van ekonomiese ontwikkeling. Uitstekende werkseleenthede bestaan vir ingenieurs in feitlik alle sektore van die ekonomie, beide plaaslik sowel as in die buiteland.*

*Die BEng-graad het ten doel om studente met die nodige kennis toe te rus om as professionele ingenieurs te kan praktiseer.*

### **ENG.1.1.2 Professional Ethics / Professionele Etiek**

Engineers are subject to a professional code of conduct. The Engineering Council of South Africa (ECSA) is vested with powers to lay down standards for education and to register qualified persons as professional engineers. Registration as a Professional Engineer (PrEng) certifies that a person is authorised to practise as an engineer. ECSA also has the authority to take disciplinary action against engineers who are guilty of misconduct.

Due to the high ethical standards in the engineering profession, it is improbable that a person who has been convicted and sentenced in a court of law or against whom disciplinary measures have been taken as a result of conduct which suggests dishonesty, will be admitted to the engineering profession, notwithstanding good academic results.

More information regarding the engineering profession is available on the website of the Engineering Council of South Africa at <https://www.ecsa.co.za/default.aspx>

*As lede van 'n professie is ingenieurs onderworpe aan 'n gedragskode. In Suid-Afrika is die Suid-Afrikaanse Raad vir Ingenieurswese (ECSA) met statutêre magte beklee om standarde vir opleiding voor te skryf en professionele ingenieurs te registreer. Registrasie as professionele ingenieur (PrEng) sertifiseer dat 'n persoon bevoeg is om as ingenieur te praktiseer. ECSA beskik ook oor die bevoegdheid om tugmaatreëls op ingenieurs wat hul aan wangedrag skuldig maak, toe te pas.*

*Danksy die hoë etiese standarde wat in die ingenieursprofessie geld, is dit onwaarskynlik dat 'n persoon wat strafregtelik skuldig bevind word in 'n hof of teen wie dissiplinêr opgetree word weens optrede wat dui op oneerlikheid, nieteenstaande goeie akademiese prestasie, tot die professie toegelaat sal word of toegelaat sal word om as professionele ingenieur te registreer.*

Verdere inligting aangaande die ingenieursberoep is beskikbaar op die webblad van die Ingenieursraad van Suid-Afrika (ECSA) by <https://www.ecsa.co.za/default.aspx>

### **ENG.1.1.3 Registration as Professional Engineer / Registrasie as Professionele Ingenieur**

To register as a professional engineer, and to be able to use the title PrEng, a person must usually meet three requirements:

- The person must hold a BEng or BScEng degree as determined by the Engineering Profession Act 46 of 2000 and that has been accredited by ECSA for this purpose.
- Secondly, the person must have completed a period of in-service training that satisfies ECSA's requirements in terms of standard and duration (at least three years). This period may be reduced by one year after obtaining an advanced university degree.
- Lastly, the candidate must conduct an interview with registered peers to present experience gained during the in-service training period.
- More information regarding the registration process is available on the website of the Engineering Council of South Africa at <https://www.ecsa.co.za/default.aspx>

*Om as 'n professionele ingenieur te registreer, en so die titel PrEng te gebruik, moet 'n persoon gewoonlik aan drie vereistes voldoen:*

- *Die eerste vereiste is 'n universiteitsgraad in ingenieurswese (BEng of BScEng), soos bepaal deur die Wet op die Ingenieursweseprofessie van Suid-Afrika 46 van 2000 en geakkrediteer deur ECSA.*
- *Die tweede vereiste is 'n tydperk van indiensopleiding, wat volgens ECSA van aanvaarde standaard en duur is. Gewoonlik vereis die Raad indiensopleiding vir 'n tydperk van minstens drie jaar. Hierdie tydperk mag met een jaar verkort word, na die verwerwing van 'n gevorderde universiteitsgraad.*
- *Laastens word van die kandidaat verwag om deel te neem aan 'n onderhoud met eweknie ingenieurs met die doel om te bepaal of die ondervinding wat opgedoen is tydens die indiensopleiding tydperk genoegsaam is.*
- *Verdere inligting aangaande die registrasieproses is beskikbaar op die webblad van die Ingenieursraad van Suid-Afrika (ECSA) by <https://www.ecsa.co.za/default.aspx>*

## ENG.1.2 PROFESSIONAL STATUS / PROFESSIONELE STATUS

### ENG.1.2.1 ECSA Accreditation / ECSA Akkreditasie

The BEng programmes of the Faculty are formulated to meet the requirements of the Engineering Council of South Africa (ECSA) for accredited BEng programmes. This means that each of the programmes adheres to a minimum number of credits of 560, distributed between different knowledge areas according to the ECSA requirements, and that each graduate has proven to have obtained the prescribed eleven Graduate Attributes (GAs) listed by ECSA.

The bachelor's degree awarded in the Faculty of Engineering is recognised by:

- The Engineering Council of South Africa (ECSA) as a qualifying degree for registration as professional engineer (PrEng) in terms of the Engineering Profession Act 46 of 2000.
- The following engineering societies for membership:
  - i. South African Institution of Chemical Engineers (SAIChE)
  - ii. South African Institute of Electrical Engineers (SAIEE)
  - iii. The South African Institution of Mechanical Engineering (SAIMechE)
  - iv. The Southern African Institute of Mining and Metallurgy (SAIMM)
  - v. Southern African Institute for Industrial Engineering (SAIIE)
- Other local and foreign universities (that enable access to postgraduate study).

*Die BEng-programme van die fakulteit, is so saamgestel, dat dit aan die vereistes van die Suid-Afrikaanse Raad vir Ingenieurswese (ECSA) vir akkreditasie, voldoen. Dit beteken dat elke program voldoen aan die minimum aantal krediete van 560 soos vereis word deur ECSA, end at elke graduandi voldoen aan die elf Graduandi-Eienskappe (GAs) wat deur ECSA bepaal word.*

*Die baccalaureusgrade wat in die fakulteit Ingenieurswese toegeken word, word erken deur:*

- *Die Suid-Afrikaanse Raad vir Ingenieurswese (ECSA) as kwalifiserende grade vir registrasie as professionele ingenieur (PrEng) volgens die Wet op die Ingenieursweseprofessie van Suid-Afrika 46 van 2000.*
- *Die volgende ingenieursverenigings vir lidmaatskap, wat insluit:*
  - i. *SA Instituut van Chemiese Ingenieurs (SAIChI)*
  - ii. *SA Instituut van Elektriese Ingenieurs (SAIEI)*
  - iii. *SA Instituut vir Meganiese Ingenieurswese (SAIMI)*
  - iv. *SA Instituut vir Mynbou en Metallurgie (SAIMM)*
  - v. *SA Instituut vir Bedryfsingenieurswese (SAIBI)*
- *Ander binnelandse en buitelandse universiteite (wat toegang verleen tot nagraadse studie).*

### **ENG.1.2.2 International Comparability / *Internasionale Erkenning***

International comparability of this qualification standard is ensured through the Washington Accord, an agreement for the mutual recognition of professionally oriented bachelor's degrees in engineering. The standards are comparable with the Washington Accord Graduate Attributes. Washington Accord signatories are as indicated on the ECSA website.

The current signatories and the Graduate Attributes are available at

<https://www.ecsa.co.za/education/SitePages/International%20Recognition.aspx>

*ECSA is 'n ondertekenaar van die Washington Verdrag en daarom word die grade wat deur ECSA vir die opleiding van professionele ingenieurs geakkrediteer is, ook internasionaal deur ander ondertekenaars van dié Verdrag erken. Hierdie ooreenkoms verseker dus wedersydse erkenning van geakkrediteerde BIng-grade. Programme word elke ses jaar geoudit om volhoubare standaarde te verseker.*

*BIng-graduandi van die Noordwes-Universiteit se opleiding word dus erken vir registrasie as Professionele Ingenieur (of ekwivalente) in lande wat dié verdrag onderteken het.*

*Die Washington Verdrag ondertekenaars is soos aangedui op die ECSA webblad.*

*Dié lys van ondertekenaars kan gevind word by*

<https://www.ecsa.co.za/education/SitePages/International%20Recognition.aspx>

## **ENG.2 FACULTY RULES**

### **ENG.2.1 AUTHORITY OF THE GENERAL ACADEMIC RULES / GESAG VAN DIE ALGEMENE AKADEMIESE REËLS**

The Faculty rules valid for the different qualifications, programmes and curricula of this Faculty and contained in this Faculty Calendar are subject to the General Academic Rules of the University, as determined from time to time by the Council of the University as recommended by the Senate. The Faculty rules should, therefore, be read in conjunction with the General Academic Rules.

See the Rules on the web page at:

<https://www.nwu.ac.za/sites/www.nwu.ac.za/files/files/i-governance-management/policy/2023/7P/A-Rules-approved-by-Council-16-Nov-2023.pdf>

*Die fakulteitsreëls, wat ten opsigte van die verskillende kwalifikasies, programme en kurrikulums van hierdie fakulteit geld en in hierdie fakulteitsjaarboek opgeneem is, is onderhewig aan die Algemene Reëls van die Universiteit, soos dit van tyd tot tyd deur die Raad van die Universiteit op aanbeveling van die Senaat vasgestel word, en die fakulteitsreëls moet dus met daardie Algemene Reëls saamgelees word.*

*Die Reëls is op die webbladsy by:*

<https://www.nwu.ac.za/sites/www.nwu.ac.za/files/files/i-governance-management/policy/2023/7P/A-Rules-approved-by-Council-16-Nov-2023.pdf>

#### **ENG.2.1.1 General Provisions / Algemene Bepalings**

In accordance with the General Academic Rules of the North-West University, the following apply with regard to application and interpretation:

These rules must be read with and applied subject to the Higher Education Act 101 of 1997 and the Statute of the North-West University and in conjunction with policies as determined by Senate and Council, such as, but not limited to, the Admission Policy, the Recognition of Prior Learning Policy and the Assessment and Moderation Policy, as well as the schedule of payable fees as determined annually by the University.

Senate must compile a manual for postgraduate studies within the framework of the provisions of these Rules that has the status of a binding policy document of the University to regulate matters relating to the preparation for, progress, guidance and completion of postgraduate studies.

Except where expressly provided for differently, these Rules apply to all qualification programmes listed in the Programme and Qualification Mix of the North-West University and offered by the University and prevail over Faculty rules (General Academic Rules 1.1.3).

In instances where a Faculty rule may contain provisions that are in conflict with these rules, the A-Rules will prevail.

Where functions and decision-making authority are entrusted by these rules to persons or structures, Senate, or a duly mandated sub-committee of Senate, may at any time resolve to require the affected person or structure to report on the performance of the indicated function or the making of the decision, and Senate may, within the limits of reasonableness, taking into account the implications for those affected thereby, replace or revoke the relevant act or decision (General Academic Rules 1.1.6).

*Kragtens die Algemene Akademiese Reëls van die Noordwes-Universiteit geld die volgende ten opsigte van toepassing en interpretasie:*

*Hierdie Reëls moet saam met en onderhewig aan die Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997 en die Statuut van die Noordwes-Universiteit gelees en toegepas word, tesame met beleide soos bepaal deur die Senaat en die Raad, met inbegrip van die Toelatingsbeleid, die Beleid oor Erkenning van Vorige Leer en die Assesserings- en Modereringsbeleid, sowel as die skedule van betaalbare gelde soos jaarliks deur die Universiteit bepaal.*

*Die Senaat moet binne die raamwerk van die voorskrifte van hierdie Reëls 'n handleiding vir nagraadse studie opstel wat die status van 'n bindende beleidsdokument van die Universiteit het om die voorbereiding vir, verloop, begeleiding en afhandeling van nagraadse studie te reël.*

*Behalwe waar dit uitdruklik anders vermeld word, geld hierdie Reëls ten opsigte van alle kwalifikasieprogramme wat in die Noordwes-Universiteit se Program- en Kwalifikasie-mengsel gelys word en wat deur die Universiteit aangebied word, en geniet dit voorrang bo fakulteitsreëls (Algemene Akademiese Reël 1.1.3).*

*In gevalle waar bepalinge van 'n fakulteitsreël strydig is met hierdie Reëls, geniet laasgenoemde voorrang.*

*Waar daar in hierdie Reëls funksies en besluitnemingsgesag aan persone of strukture opgedra word, kan die Senaat of betrokke kampus se Senaatskomitee te eniger tyd besluit om verslagdoening oor die uitoefening van die betrokke funksie of die neem van 'n besluit van sodanige persoon of struktuur te vereis, en kan die Senaat of die betrokke kampus se Senaatskomitee die betrokke handeling of besluit met inagneming van die implikasies vir diegene wat daardeur geraak word, binne die perke van redelikheid herroep of vervang (Algemene Reëls 1.1.6).*

## **ENG.2.2 ACADEMIC LITERACY / AKADEMIESE GELETTERDHEID**

All undergraduate students who register at the North-West University for the first time are required to register for a module/modules in academic literacy. They have to pass this module/these modules before they can graduate.

### **a) Testing**

Students have to write a compulsory proficiency test in academic literacy, at a time and place determined by the University, to determine their ability to function within the academic environment. The purpose of this test is to identify students who, due to inadequate academic literacy skills, may not complete their study programme within the stipulated period in order to empower them with the necessary knowledge and skills.

Engineering students have to write the compulsory skills test in English (TALL). With the exception of students who are identified as borderline cases by the test, each student has only one opportunity to write the test. Students who are regarded as borderline cases, will be granted a second opportunity to write the test. It is the student's responsibility to check and verify his/her result within 14 days of writing the test and to register for the correct module in the correct semester (see below).

**b) Module(s)**

**Academic Literacy Development (ALDE111)**

Students who are identified as at-risk by the test, must register for the module ALDE111.

**i. Level and credits**

This module is on NQF level 5 and worth 12 credits (additional credits).

**ii. Composition of module and calculation of module marks**

ALDE111 comprises one component only, which includes two periods per week. Class attendance is compulsory. The module is only presented in Semester 1.

A system of continuous assessment is followed. The final module mark is calculated as follows: Exam mark = 40% and Participation mark = 60%. For admission to the exam in ALDE111, a participation mark of 40% is required.

Note that for conditional admission to ALDE122, a student who is required to follow ALDE111 should obtain a module mark of 40% minimum for ALDE111.

A final module mark of 50% is required to pass the module.

**iii. Important additional information**

Specific Faculty rules in terms of termination of studies might apply if a student fails ALDE111.

Students who have already successfully completed a module similar to ALDE111 at another tertiary institution and can provide proof of this, may apply in writing, on the prescribed form, for formal recognition for the module. This application should be submitted to the subject chair responsible for Academic Literacy. Recognition is only granted in cases where the modules are on the same NQF level (NQF5), where the credit values are of the same value (12), and where content is comparable.

**iv. Language and mode of delivery**

ALDE111 is presented in English. The module is presented in both contact and distance learning mode. Note that only students who are formally registered for distance learning may follow the module in this mode. All modules in distance learning mode are presented in English only.

**v. Outcomes**

On completion of this module, students should be able to:

- bridge the divide between secondary school and university education;
- access academic information effectively in order to understand academic texts;
- process academic information successfully; and
- produce academic information responsibly and appropriately.



## **Academic Literacy Development (ALDE112 or ALDE122)**

All students, regardless of the result obtained for the compulsory proficiency test in academic literacy, must register for the module ALDE112 [English] or ALDE122 [English]. Students who do not need to complete ALDE111, register for ALDE112 in Semester 1. Students who are required to enrol for ALDE111, register for ALDE122 in Semester 2. Note that ALDE112 and ALDE122 refer to the same module presented in both semesters. The module codes, however, differ in order to distinguish between the semesters.

### **i. Level and credits**

This module is on NQF level 5 and worth 12 credits. Note that it is calculated in terms of programme credits. It thus carries a weight of 12 credits in the first-year programme.

### **ii. Composition of module and calculation of module marks**

For admission to the module ALDE122 [Semester 2], a student must first pass ALDE111 if he/she is required to take the module. In all other cases students have immediate access to ALDE112 [Semester 1].

Students who did not pass the module ALDE111 but were conditionally allowed to take ALDE122 and passed the module, may have their result for ALDE111 condoned to a pass by the entity concerned with Academic Literacy. This is subject to the Faculty rules of the Faculty of Humanities.

The modules ALDE112 and ALDE122 comprise two compulsory components: an Academic Literacy component and a Computer and Information Literacy component. For the academic literacy component, class attendance of two periods per week is compulsory. Computer and Information Literacy requires that students learn autonomously, but they will have access to contact sessions if they wish to make use of them. A student must pass both components to pass the module.

A system of continuous assessment is followed. The final module mark is calculated as follows: Exam mark = 40% and Participation mark = 60%. For admission to the exam in ALDE112 or ALDE 122, a participation mark of 40% is required.

The exam consists of two papers, viz. Academic Literacy and Computer and Information Literacy. The subminimum required to pass the Academic Literacy component, is 40%. The subminimum required to pass the Computer and Information Literacy component, is 50%. These components are dealt with in a ratio of 80:20 when calculating the final mark (80% for the academic literacy and 20% for the computer and information literacy component).

### **iii. Important additional information**

Specific faculty rules in terms of termination of studies might apply if a student fails ALDE 112 or ALDE122.

Students who have already successfully completed a similar module to ALDE 112 or ALDE122 at another institution and can provide proof of this, may apply in writing on the prescribed form for formal recognition of the module. This application should be submitted to the subject chair responsible for Academic Literacy. Recognition is only granted in cases where the modules are on the same NQF level (NQF5), where the credit values are the same value (12), and where content is comparable.

**iv. Language and mode of delivery**

ALDE112 or ALDE122 is presented in English. The module is presented in both contact and distance learning mode. Note that only students who are formally registered for distance learning may follow the module in this mode. Distance learning is also presented in English.

**v. Outcomes**

On completion of this module students should be able to:

- successfully become part of the academic learning community and participate in this community;
- access information in a responsible and ethical way in order to write an academic text;
- process information strategically in order to write an academic text;
- produce an academic text;
- read at an acceptable speed and with an acceptable level of understanding; and
- demonstrate a fundamental level of computer and information literacy.

*Alle voorgraadse studente wat vir die eerste keer aan die Noordwes-Universiteit registreer, is verplig om vir 'n module/modules in akademiese geletterdheid te registreer. Hulle moet dit slaag, alvorens hulle kan gradueer.*

**a) Toetsing**

*Studente moet 'n verpligte vaardigheidstoets in akademiese geletterdheid skryf op 'n gegewe tyd en plek, soos deur die Universiteit bepaal. Die doel van die toets is om studente te identifiseer wat a.g.v. onvoldoende vaardighede in akademiese geletterdheid die risiko loop om hulle studieprogram nie suksesvol te voltooi binne die toegelate tydperk nie, sodat hulle met die nodige kennis en vaardighede bemagtig kan word.*

*Ingenieursstudente moet die verpligte vaardigheidstoets in Engels (TALL) aflê. Met die uitsondering van studente wat deur die toets as grensgevalle uitgewys word, kry elke student slegs een geleentheid om die toets af te lê. Studente wat as grensgevalle beskou word, kry 'n tweede geleentheid. Dit is die student se verantwoordelikheid om hom-/haarself binne 14 dae na aflegging van die toets van sy/haar uitslag te vergewis en vir die korrekte module in die korrekte semester te registreer (sien hieronder).*

**b) Module(s)**

**Academic Literacy Development (ALDE111)**

*Studente wat deur die toets as risikogevallige geïdentifiseer word, moet vir die module ALDE111 [Engels] registreer.*

**i. Vlak en krediete**

*Hierdie module is op NKR-vlak 5 en het 'n waarde van 12 krediete (addisionele krediete).*

**ii. Samestelling van module en punteberekening**

*ALDE111 bestaan uit slegs een komponent wat minstens twee periodes per week behels en klasbywoning is verpligtend. Die module word slegs in Semester 1 aangebied.*

*'n Stelsel van deurlopende assessering word gebruik. Die finale modulepunt word soos volg bereken: Eksamenpunt = 40% en Deelnamepunt = 60%. Vir toelating tot die eksamen in ALDE111 word 'n deelnamepunt van 40% vereis.*

*Let wel: Vir voorwaardelike toelating tot die module ALDE122 moet 'n student wat verplig is om eers ALDE111 te volg, 'n modulepunt van minstens 40% in ALDE111 verwerf.*

**iii. Belangrike addisionele inligting**

*Spesifieke fakulteitsreëls t.o.v. terminering van studies kan van toepassing wees indien 'n student ALDE111 nie slaag nie.*

*Studente wat reeds 'n module soortgelyk aan ALDE111 suksesvol aan 'n ander tersiële instelling voltooi het en bewys daarvan kan lewer, kan skriftelik op die voorgeskrewe vorm by die betrokke entiteit verantwoordelik vir Akademiese Geletterdheid om erkenning aansoek doen. Erkenning word slegs toegestaan in gevalle waar die modules op dieselfde NKR-vlak is (NKR5), die kredietwaarde minstens dieselfde is (12) en die inhoud vergelykbaar is.*

**iv. Taal en modus van aanbieding**

*ALDE111 word in Engels aangebied. Die module word in beide kontak- en afstandsmodusse aangebied, maar let daarop dat slegs studente wat formeel vir afstandsonderrig geregistreer is, dit in die afstandsmodus mag volg. Alle afstandsmodule word slegs in Engels aangebied.*

**v. Uitkomst**

*By afhandeling van hierdie module behoort die student in staat te wees om:*

- die gaping tussen hoërskool en universiteit te oorbrug;*
- op effektiewe wyse toegang tot akademiese inligting te verkry met die doel om akademiese tekste te verstaan;*
- akademiese inligting suksesvol te prosesseer; en*
- akademiese inligting gepas en verantwoordelik te produseer.*

**Academic Literacy Development (ALDE112 or ALDE122)**

*Alle studente, ongeag die uitslag van die verpligte vaardigheidstoets in akademiese geletterdheid, moet die module ALDE112 [Engels] of ALDE122 [Engels] neem. Studente wat nie ALDE111 hoof te volg nie, registreer vir ALDE112 in Semester 1. Studente wat ALDE111 moes volg, registreer vir ALDE122 in Semester 2. Let daarop dat dit dieselfde module is wat in beide semesters aangebied word, maar waarvan die modulekode verskil om die onderskeid in semester te tref.*

### **I. Vlak en krediete**

*Hierdie module is op NKR-vlak 5 en het 'n waarde van 12 krediete. Let daarop dat dit wel vir kredietdoeleindes van die kurrikulum in berekening gebring word. Krediete hiermee verdien, dra dus 'n gewig van 12 krediete in die eerstejaarskurrikulum.*

### **II. Samestelling van module en punteberekening**

*Vir toelating tot die module ALDE122 [Semester 2] moet 'n student wat verplig is om eers ALDE111 te volg, laasgenoemde slaag. In alle ander gevalle het studente onmiddellik toegang tot ALDE112 [Semester 1].*

*Studente wat nie die module ALDE111 geslaag het nie, maar wel voorwaardelik tot ALDE122 toegelaat is en die module geslaag het, se uitslag van ALDE111 kan deur die betrokke entiteit verantwoordelik vir Akademiese Geletterdheid tot 'n slaagpunt gekondoneer word. Dit is onderhewig aan die Fakulteit Geesteswetenskappe se Fakulteitsreëls.*

*Die module ALDE112 of ALDE122 bestaan uit twee verpligte komponente: Akademiese Geletterdheid en Rekenaar- en Inligtingsvaardighede. Akademiese Geletterdheid behels twee lesings per week en klasbywoning is verpligtend. Rekenaar- en Inligtingsvaardighede word op outonome wyse bemeester, maar daar is ook verskeie geleenthede vir kontakssessies tot studente se beskikking indien hul daarvan gebruik wil maak. Al twee die komponente moet geslaag word om die module te kan slaag.*

*'n Stelsel van deurlopende assessering word gebruik. Die finale modulepunt word soos volg bereken: Eksamenpunt = 40% en Deelnamepunt = 60%. Vir toelating tot die eksamen in ALDE112 of ALDE122 word 'n deelnamepunt van 40% vereis. Die eksamen bestaan uit twee vraestelle, naamlik Akademiese Geletterdheid en Rekenaar- en Inligtingsvaardighede. Die sub-minimum wat vir eersgenoemde komponent behaal moet word om die module te kan slaag, is 40%. Die sub-minimum wat vir laasgenoemde komponent behaal moet word om die module te kan slaag, is 50%. Hierdie twee komponente word in 'n 80:20-verhouding hanteer vir die berekening van die finale punt – 80% vir die eerste komponent (Akademiese Geletterdheid) en 20% vir die tweede komponent (Rekenaar- en Inligtingsvaardighede).*

### **III. Belangrike addisionele inligting**

*Spesifieke fakulteitsreëls t.o.v. terminering van studies kan van toepassing wees indien 'n student ALDE112 of ALDE122 nie slaag nie.*

*Studente wat reeds 'n module soortgelyk aan ALDE112 of ALDE122 suksesvol aan 'n ander tersiêre instelling voltooi het en bewys daarvan kan lewer, kan skriftelik op die voorgeskrewe vorm by die betrokke entiteit verantwoordelik vir Akademiese Geletterdheid om erkenning aansoek doen. Erkenning word slegs toegestaan in gevalle waar die modules op dieselfde NKR-vlak is (NKR5), die kredietwaarde minstens dieselfde is (12) en die inhoud vergelykbaar is.*

### **IV. Taal en modus van aanbieding**

*ALDE112 of ALDE122 word in Engels aangebied. Die module word in beide kontak- en afstandsmodusse aangebied, maar let daarop dat slegs studente wat formeel vir afstandsonderrig geregistreer is, dit in die afstandsmodus mag volg. Alle afstandsmodule word slegs in Engels aangebied.*

## V. **Uitkomst**

*By afhandeling van hierdie module behoort die student in staat te wees om:*

- *sukksesvol in te skakel by die akademiese leeromgewing en daaraan deel te neem;*
- *op eties-verantwoordelike wyse te soek vir inligting wat nodig is vir die skryf van 'n akademiese teks;*
- *inligting op 'n strategiese manier te verwerk met die doel om 'n akademiese teks te kan skryf;*
- *'n akademiese teks te produseer; en*
- *'n fundamentele vlak van rekenaar- en inligtingsgeletterdheid te demonstreeer.*

## **ENG.2.3 WARNING AGAINST PLAGIARISM / WAARSKUWING TEEN PLAGIAAT**

Assignments are individual tasks and not group activities (unless explicitly indicated as group activities).

For further details see:

<https://library.nwu.ac.za/copyright-and-plagiarism>

*Werkstukke is individuele take en nie groepsaktiwiteite nie (tensy dit uitdruklik aangedui word as 'n groepsaktiwiteit). Vir meer besonderhede gaan na:*

<https://library.nwu.ac.za/copyright-and-plagiarism>

## **ENG.2.4 CAPACITY STIPULATION / KAPASITEITSBEPALINGS**

Please take cognisance of the fact that owing to specific capacity constraints, the University reserves the right to select candidates for admission to certain fields of study. This means that prospective students who comply with the minimum requirements may not necessarily be admitted to the relevant courses.

*Neem asseblief kennis dat die Universiteit as gevolg van spesifieke kapasiteitsbepalings hom die reg voorbehou om kandidate vir toelating tot bepaalde studierigtings te keur. Dit beteken dat voornemende studente wat aan die minimum toelatingsvereistes voldoen, nie noodwendig tot die betrokke kursus toegelaat sal word nie.*

## **ENG.2.5 PROTECTION OF PERSONAL AND EDUCATION-RELATED INFORMATION / BESKERMING VAN PERSOONLIKE EN OPVOEDKUNDIG-VERWANTE INLIGTING**

General Academic Rule 1.11 stipulates the following:

In the course of the registration process, the extent to which the student's personal or education-related information may be disclosed to a third party is determined, but the student may withdraw or amend permission granted to disclose such information by means of a request in writing submitted to the Registrar. The university may disclose personal or education-related information regarding a student to a third party only after the law applicable to the protection of and access to information has duly been complied with.

*Algemene Akademiese Reël 1.11 bepaal die volgende:*

*In die loop van die registrasieproses word die mate waarin die student se persoonlike of opvoedingsverwante inligting aan 'n derde party openbaar gemaak mag word bepaal, maar die student mag toestemming onttrek of wysig om sodanige inligting bekend te maak deur middel van 'n skriftelike versoek aan die registrateur. Die universiteit kan slegs persoonlike of opvoedingsverwante inligting rakende 'n student aan 'n derde party bekend maak nadat die wet wat op die beskerming van en toegang tot inligting van toepassing is, behoorlik nagekom is.*

## **ENG.2.6 ADMISSION REQUIREMENTS FOR THE QUALIFICATION AND FACULTY / KWALIFIKASIE EN FAKULTEIT-SPEISIFIEKE TOELATINGSVEREISTES**

### **ENG.2.6.1 General / Algemeen**

The number of students allowed into a school or programme may be restricted.

For admission to BEng degree studies the following apply:

Full Matriculation exemption, with an APS count of at least 34, Mathematics level 6 (70%-79%), and Physical Sciences level 6 (70%-79%).

The Language requirement is a pass at level 5 (60%-69%) in the language of instruction on either the Home or First Additional Language level.

Consult the requirements for undergraduate studies and the calculation of the APS score, as well as for application purposes: <http://engineering.nwu.ac.za/engineering/applications>

Additional entry route: <https://engineering.nwu.ac.za/engineering/engineering-test>

#### **General Enquiries:**

018 299 4026.

Booking for the test: 018 299 1318.

More information: <http://engineering.nwu.ac.za/node/21112>

*Die aantal studente wat per skool toegelaat word, mag beperk word.*

*Vir toelating tot BEng-studie geld die volgende:*

*Matrikulasievrystelling, met 'n minimum APS-telling van 34, Wiskunde vlak 6 (70%-79%) en Fisiese Wetenskap (Skeinat) vlak 6 (70%-79%).*

*Taalvereiste nl. 'n slaagsyfer van 60%-69% (vlak 5) in die taal van leer en onderrig of huistaal- of eerste addisionele taalvlak.*

*Raadpleeg die toelatingsvereistes vir voorgraadse studie vir die wyse waarop die APS-telling bepaal word by: <http://engineering.nwu.ac.za/engineering/applications>*

*Addisionele toegangsroete: <https://engineering.nwu.ac.za/engineering/engineering-test>*

### **ENG.2.6.2 Admission from BSc to BEng / Toelating vanaf BSc na BEng**

Prospective students who do not comply with the admission requirements for BEng programmes offered by the Faculty, and who have registered on year level 1 of a BSc programme in the Faculty of Natural and Agricultural Sciences, may in year 1 of their studies reapply for admission to the Faculty of Engineering.

At the end of his/her first year a new application for admission to a programme offered by the Faculty of Engineering can be submitted. Admission is subject to performance and requires that all the first-year modules must be passed at a minimum of 60%. The applicant must also write the Engineering Test.

By virtue of General Academic Rule 1.7.4 a student who desires to change to another curriculum must apply, in writing, to the relevant Faculty for recognition of modules already passed and which form part of the curriculum to which he/she wants to change.

*Voornemende studente, wat nie aan die toelatingsvereistes van 'n program wat deur die Fakulteit Ingenieurswese aangebied word, voldoen nie, kan aansoek doen vir registrasie op Jaarvlak 1 van 'n toepaslike BSc-program by die Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe, met die oog op moontlike keuring aan die einde van 'n suksesvolle eerste jaar. Toelating tot FNAS is onderhewig aan daardie program se toelatingsvereistes asook kapasiteit.*

*Aan die einde van sy/haar eerste jaar kan 'n student weer aansoek doen vir keuring vir toelating tot 'n program wat deur die Fakulteit Ingenieurswese aangebied word. Toelating is onderhewig aan prestasie en die slaag van al die modules van die eerste jaar. Die Ingenieurstoets moet ook afgelê word met die oog op finale keuring.*

*Kragtens Algemene Akademiese Reël 1.7.4 kan 'n student wat van kurrikulum wil verwissel, skriftelik by die betrokke Fakulteit aansoek doen om erkenning van modules wat hy/sy reeds geslaag het en wat deel uitmaak van die kurrikulum waarna hy/sy wil oorskakel.*

### **ENG.2.6.3 Joining from another university / Toelating vanaf 'n ander universiteit**

- a) Students who started their studies in Engineering at another university and who desire to continue their studies at this University are strongly advised to complete only the first-year level of the programme at that university before applying to continue with the second-year level programme at this University.
- b) Applications from students who started their engineering studies at another university and who wish to continue at this university, will only be considered if the first year of study has been completed successfully at the previous university. An application to continue with the second year of the BEng programmes at this university, will be considered.
- c) Students who studied Engineering at another university are subject to selection. Their applications for admittance to one of the BEng programmes will be treated on an ad hoc basis.
- d) Students who studied Engineering at another university and who were not allowed to continue at that university will not be allowed to register for any BEng programme at NWU.
- e) Applications for admission to one of the BEng programmes for a particular year close on 31 July of the previous year, and application for acceptances of modules on the grounds of corresponding modules passed at another university must be directed to the Executive Dean before the beginning of the academic year.
- f) Students who started their studies in Engineering at another university and who desire to continue their studies at this University must, at the start of their study at the other university, already have complied with the admission requirements of the Faculty of Engineering of the NWU.

#### **Enquiries:**

Admissions Office  
Building F20  
(018) 299 2624

- a) *Studente, wat hulle studie in ingenieurswese by 'n ander universiteit begin het en wat hul studie aan hierdie universiteit wil voortsit, se aansoek sal oorweeg word slegs indien die eerste jaar, binne een jaar, suksesvol by die vorige universiteit voltooi is. 'n Aansoek om by die tweede jaargang van die BIng-programme hier aan te sluit, sal oorweeg word.*
- b) *Studente wat ingenieurswese aan 'n ander universiteit gestudeer het is aan keuring onderworpe. 'n Gedragsertifikaat moet ook getoon word. Aansoeke om toelating tot die BIng-program sal met inagneming van vorige leer ad hoc hanteer word.*
- c) *Studente wat in die ingenieurswese aan 'n ander universiteit studeer en nie toegelaat word om hulle studie in ingenieurswese aan daardie betrokke universiteit voort te sit nie, sal nie toegelaat word om by die BIng-programme van die NWU aan te sluit nie.*
- d) *Aansoeke om aansluiting by die BIng-program vir 'n gegewe jaar sluit op 31 Julie van die voorafgaande jaar en aansoeke om erkenning van modules op grond van ooreenstemmende modules wat aan 'n ander universiteit geslaag is, moet voor die begin van die akademiese jaar, skriftelik aan die betrokke Uitvoerende Dekaan gerig word.*
- e) *Studente wat in die ingenieurswese by 'n ander universiteit studeer en hulle studies aan hierdie universiteit wil voortsit, moes by die aanvang van hulle studie by die ander universiteit reeds voldoen het aan die toelatingsvereistes van die Fakulteit Ingenieurswese van die NWU.*

**Navrae:**

Toelatingskantoor

Gebou F20

(018) 299 4154

## **ENG.2.7 RECOGNITION OF PRIOR LEARNING / ERKENNING VAN VORIGE LEER**

The requirements regarding recognition of prior learning are stipulated in General Academic Rule 1.7.

*Die vereiste ten opsigte van erkenning van vorige leer vir hierdie kwalifikasie, word in Algemene Akademiese Reël 1.7 vervat.*

### **ENG.2.7.1 Amendment of curriculum and/or qualification / Wysiging van kurrikulum en/of kwalifikasie**

Converting from one curriculum to another (including amendment of qualification or programme) requires the submission of a student request form. The full transcript of the student, along with the maximum period of the study, will be considered. Admission is subject to the approval of the Executive Dean.

*Oorskakeling van een kurrikulum na 'n ander (insluitend wysiging van kwalifikasie of program) geskied deur die indiening van 'n studenteversoekvorm. Die volledige akademiese rekord van die student tesame met die toegelate maksimum duur van die studie, word in ag geneem. Toelating is onderhewig aan die goedkeuring van die Uitvoerende Dekaan.*



## ENG.2.8 REGISTRATION / REGISTRASIE

### *i. Annual registration / Jaarlikse registrasie*

The following apply for annual registration (General Academic Rules 1.10.1): /  
*Ingevolge Algemene Reëls 1.10.1 geld die volgende:*

Every returning student must register annually in their personal capacity, either by means of a paper-based or an electronic registration process, for the learning components that are prescribed for the specific study year, in accordance with the Faculty rules applicable to the relevant qualification, programme and module(s) (General Academic Rules 1.10.1.1).

#### **A student is personally responsible to:**

- ensure compliance with all the programme and module registration requirements and the completion and submission of the formal documents required for registration as specified in Faculty rules (General Academic Rules 1.10.1.2.1); and
- determine that there are no clashes in contact timetables or scheduled assessment opportunities of the modules for which the student registers (General Academic Rules 1.10.1.2.2).

The university reserves the right to refuse or cancel the registration of a student where an applicant provides false, incorrect or incomplete information or documentation to register as a student, or where any other condition provided for in these rules is not satisfied (General Academic Rules 1.10.1.3).

Faculty rules provide for the requirements for active participation of students in specific programmes and students may not register for modules in which they are unable to or do not intend to actively participate (General Academic Rules 1.10.1.4).

In order to receive credits for a specific module a student must be registered for such module and pass it (General Academic Rules 1.10.1.5).

Two registration periods for the various levels and modes of study are determined annually in the university calendar, the second of which is reserved exclusively for registration of students in such distance programmes as may be identified annually by the responsible Executive Dean (General Academic Rules 1.10.1.6).

A student who was registered during the second registration period of the previous year must in the subsequent academic years report for registration during the first annual registration period (General Academic Rules 1.10.1.7).

In order to be registered, a student or the entity that has granted the student a bursary, must pay the prescribed registration and minimum tuition fees prescribed by the university (General Academic Rules 1.10.1.8).

A student who registers through the paper-based process for registration must complete and sign the relevant registration form, acquire the necessary approval from the relevant Faculty, and submit the signed form to the appropriate section within the Department of the Chief Director Student Academic Lifecycle Administration, upon which an official proof of registration is issued to the student (General Academic Rules 1.10.1.9).

A student who registers electronically must complete and sign the registration form electronically. After approval of the registration by the relevant Faculty, an official proof of registration is issued electronically (General Academic Rules 1.10.1.10).

A registered student must promptly submit all relevant changes to personal details on the prescribed form to the Chief Director Student Academic Lifecycle Administration for the purposes of official communication by the university with the student (General Academic Rules 1.10.1.11).

Official correspondence with students may be addressed by the university to the postal addresses, e-mail addresses and cell phone numbers supplied during registration, or as changed in accordance with General Academic Rule 1.10.1.11 (General Academic Rules 1.10.1.12).

**ii. Module acceptances and exemptions**

General Academic Rules 1.7 apply.

**iii. Exemptions for a period and specific modules / *Vrystellings t.o.v. tydperk en spesifieke modules***

Faculty rules may stipulate that recognition or exemption of modules will apply for a specific period or that the Executive Dean may grant exemption or recognition of only certain modules.

A Faculty rule stipulates that recognition or exemption of modules will apply for three years. Applications for the recognition of only specific modules or exemption of modules longer than the prescribed period will be evaluated on merit by the Executive Dean in consultation with the School Director.

*Fakulteitsreëls kan bepaal dat die verlenging van erkenning of vrystelling van modules vir 'n beperkte tyd sal geld of dat erkenning of vrystelling slegs vir bepaalde modules deur die Uitvoerende Dekaan goedgekeur kan word.*

*'n Fakulteitsreël geld dat die erkenning of vrystelling van spesifieke modules vir 'n beperkte tydperk van drie jaar geld. Versoeke om module-erkennings-/vrystellings langer as die genoemde tydperk of vir betrokke modules sal op grond van meriete deur die Uitvoerende Dekaan in konsultasie met die Skooldirekteur oorweeg word.*

**iv. Registration according to timetable/ *Inskrywing volgens rooster***

General Academic Rule 1.10.1.2.2 applies to engineering:

A student is not allowed to register for a module if, according to the timetables for lectures, tests and examinations, there is a schedule clash with respect to another module for which the student is registered.

If a module must be repeated, the student must register for the relevant module in its entirety again and a new participation mark will have to be generated. No exemption from class attendance will be granted.

Before finally deciding on the choice of modules, students must take full cognisance of the class timetable. If the intended choice leads to a clash, the relevant choice will not be granted.

In such a case, the School Director in the School and the Faculty Administrator should be consulted.

*Algemene Akademiese Reël 1.10.1.2.2 geld vir ingenieurswese:*

*'n Student word nie toegelaat om vir 'n module in te skryf indien daar ooreenkomstig die lesing-, toets- en eksamenrooster 'n roosterbotsing ten opsigte van 'n ander module waarvoor die student ingeskryf is, voorkom.*

*Indien 'n module herhaal word moet die student vir daardie betrokke module weer in sy geheel registreer sodat 'n nuwe deelnamepunt gegeneer kan word. Geen klasvrystellings word toegestaan nie.*

*Voordat daar finaal oor die keuse van modules besluit word, moet studente hulle deeglik vergewis van die klasrooster. Indien daar 'n botsing by 'n student se voorgenome keuse voorkom, sal registrasie daarvoor nie toegelaat word nie.*

*In so 'n geval moet die Skooldirekteur en Fakulteit Administrateur geraadpleeg word.*

**v. Simultaneous registration at more than one institution / Gelyktydige registrasie by meer as een instelling**

A student registered at the university may not register concurrently for a qualification at another university except with the approval of the relevant Executive Dean, who may grant such approval only if the student has met the minimum residence requirements of both universities (General Academic Rule 1.10.5).

*'n Student mag nie gelyktydig by die universiteit en 'n ander universiteit registreer sonder die toestemming van die betrokke Uitvoerende Dekaan nie wie so 'n instemming mag verleen indien die student aan die minimum vereistes van beide universiteite voldoen (Algemene Akademiese Reël 1.10.5).*

**vi. Simultaneous registration for more than one qualification / Gelyktydige registrasie vir meer as een kwalifikasie**

The relevant Executive Dean may in writing grant a student permission, subject to compliance to the limitation on credit load provided for in General Academic Rule 1.9, to register simultaneously for more than one qualification at the university (General Academic Rule 1.10.6).

*Die Uitvoerende Dekaan mag, op voorwaarde dat die student aan die bepaling aangaande kredietlading soos vervat in Algemene Akademiese Reël 1.9 voldoen, skriftelik aan 'n student toestemming verleen om gelyktydig vir meer as een kwalifikasie aan die universiteit te registreer (Algemene Akademiese Reël 1.10.6).*

**vii. Registration for additional modules / Registrasie vir bykomende modules**

Apart from the required modules of the relevant curriculum, a student may register for additional modules in terms of the provisions of General Academic Rule 2.3.

Subject to provisions in Faculty rules, a student who registers for the first-year level of an undergraduate programme may be allowed to register for one additional module per semester (either an elective from the same programme or a module from another programme), provided that no timetable clashes are brought about thereby.

Subject to provisions in Faculty rules, a student who registers for the second, third or fourth year level of an undergraduate programme, and who has already passed all the required preceding modules of the relevant programme, may be allowed to register for a maximum of two additional modules per semester or two additional year modules, or one semester and one year module, provided that the student has ascertained that no class or examination timetable clashes are brought about thereby, and subject to the maximum number of credits for which a student may register in a given academic year as provided for in General Academic Rule 1.9.

An Executive Dean may grant permission to a student who wishes to register for more additional modules than provided for in General Academic Rules 2.3.1 and 2.3.2 to register for additional modules subject to the limitations provided for in General Academic Rule 1.9.

A student who failed modules that form part of the formal curriculum of a programme, may not, in the following year of study, register for additional modules not required for the curriculum of the programme before the failed modules have been passed.

*Kragtens Algemene Akademiese Reël 2.3 geld die volgende vir die registrasie van bykomende modules:*

*Onderhewig aan fakulteitsreëls, kan 'n student wat vir die eerstejaarsvlak van 'n voorgraadse program registreer, slegs toegelaat word om vir één module per semester (hetsy 'n keusemodule uit dieselfde program of 'n module uit 'n ander program) te registreer, indien geen roosterbotsings daardeur veroorsaak word nie.*

*Onderhewig aan die fakulteitsreëls, kan 'n student wat vir die tweede-, derde- of vierdejaarsvlak van 'n voorgraadse program geregistreer het, en wie reeds aan al die nodige voorvereistes van die modules of betrokke program voldoen, vir 'n maksimum van twee addisionele modules per semester of twee addisionele jaarmodules, of een semester en een jaarmodule registreer, op voorwaarde dat die student kan verseker dat daar geen klas-, toets- of eksamenroosterbotsings daardeur veroorsaak word nie en onderhewig aan die maksimum hoeveelheid krediete waarvoor 'n student gedurende 'n gegewe akademiese jaar mag registreer soos uiteengesit in Algemene Akademiese Reël 1.9.*

*Die Uitvoerende Dekaan kan, vir 'n student wat vir meer addisionele modules as waarvoor daar in Algemene Reëls 2.3.1 en 2.3.2 voorsiening gemaak word wil registreer, toestemming gee mits voldoen word aan die beperkinge van Algemene Akademiese Reël 1.9.*

*'n Student wat modules gedruip het wat deel uitmaak van die formele kurrikulum van 'n program, kan nie vir addisionele modules registreer wat nie deel uitmaak van die kurrikulum van die program alvorens die modules nie geslaag word nie.*

## **ENG.2.9 ASSESSMENT / ASSESSERING**

The rules concerning the assessment of undergraduate modules are stipulated in General Academic Rule 1.13 as well as General Academic Rule 2.5.

*Die reëls met betrekking tot voorgraadse assessering word in Algemene Akademiese Reël 1.13 sowel as Algemene Akademiese Reël 2.5 vervat.*

### ***i. Participation mark / Deelnamepunt***

The participation mark for a module is calculated from tests, assignments, practical work and research assignments.

The ratio between theory and practical work for the calculation of the participation mark is set out in the study guides of the various modules.

In case of continuous assessment, no participation mark will be calculated, and the module mark will be the weighted average of the different assessments as indicated in the study guide.

*Die deelnamepunt vir 'n module word saamgestel op grond van die punte wat behaal word vir toetse, opdragte, praktiese- en/of navorsingsopdragte.*

*Die verhouding tussen teorie en praktiese werk vir die berekening van die deelnamepunt vir 'n module word in die betrokke studiegids uiteengesit.*

*Vir kontinue assessering word geen deelnamepunt verwerf nie, en is die modulepunt die geweegde gemiddeld van die verskillende assesserings soos uiteengesit in die studiegids.*

## **ii. Examination opportunities / Eksamenleentede**

The number of examination opportunities is in accordance with General Academic Rule 1.13.4.

For undergraduate examinations, there are two examination opportunities per module, of which the student may utilise one or both.

A student who utilises the second examination opportunity will be liable for the prescribed fee. Where the student utilises both opportunities, the module mark is calculated with reference to the participation mark, which provided admission to the first examination opportunity and the mark achieved in the second examination.

Faculty rules may exclude specific modules from a second examination opportunity.

A student who, having used all available examination opportunities, has passed all modules but one required for a qualification, may apply to the relevant Executive Dean to be granted a final assessment opportunity in the outstanding module, provided that the student was registered for that module in that academic year and had a participation mark that admitted him/her to the examination (General Academic Rule 1.13.6).

The proof of participation the student achieved for a module for the first examination opportunity is carried over to the second examination opportunity.

*Die aantal eksamenleentede word gereël deur Algemene Akademiese Reël 1.13.4*

*Vir voorgraadse eksamens is daar twee eksamenleentede per module, waarvan een of albei deur die student benut kan word.*

*'n Student wat van die tweede eksamenleentheid gebruik maak, moet die voorgeskrewe bedrag betaal.*

*Indien die student van albei geleentede gebruik maak, word die modulepunt bereken op grond van die deelnamepunt wat toelating tot die eerste eksamenleentheid verleen het en die punt wat in die tweede eksamen verwerf word.*

*Fakulteitsreëls kan bepaalde modules van die moontlikheid van 'n tweede eksamenleentheid uitsluit. (Vir Ingenieurswesemodules word daar in die betrokke studiegids aangedui indien 'n tweede eksamenleentheid nie van toepassing is nie).*

*’n Student wat ná benutting van alle beskikbare eksamengeleenthede alle modules wat vir ’n kwalifikasie vereis word, behalwe een, geslaag het, kan by die Uitvoerende Dekaan aansoek doen om ’n finale assesseringsgeleentheid in die uitstaande module, met dien verstande dat die student in daardie akademiese jaar vir die betrokke module geregistreer was en ’n deelnamepunt behaal het wat hom/haar tot die eksamen toegelaat het (Algemene Akademiese Reël 1.13.6).*

*Die deelnamebewys van die student wat vir ’n module verwerf is vir die eerste eksamengeleentheid, word oorgedra na die tweede eksamengeleentheid.*

**iii. Medical certificates for absence / Siektebriewe vir afwesigheid**

No medical certificate is required for missed examinations: students must avail themselves for the first and/or the second examination opportunity.

Regarding absence from an assessment due to illness, a valid medical certificate, which attests to the student’s inability to write the test, must be submitted to the School Director within five working days of the consultation with the doctor, or the date of the test, whichever comes first.

*Vir eksamen geld geen siektebriewe nie. Die eerste en/of tweede geleentheid word benut. Wat afwesigheid weens siekte van ’n assessering betref, moet ’n geldige mediese sertifikaat by die Skooldirekteur ingehandig word, waarin die onvermoë om die toets af te lê bevestig word. Hierdie sertifikaat moet binne vyf werksdae vanaf die besoek aan die dokter, of die datum van die toets, welke ookal eerste was, ingedien word.*

*Prosedures word in die Kwaliteitshandleiding uiteengesit.*

**iv. Use of e-devices during examinations / Gebruik van e-toestelle tydens eksamens**

The following policy with respect to e-devices has been approved:

- a) Prescribed e-devices may be used but are not supplied.
- b) If the e-devices in question cannot be described adequately, the examiner must be present in person in order to check the e-devices.
- c) The chief invigilator must, at the start of each examination session/test, direct the candidates’ attention specifically to the requirement that only e-devices indicated on the examination paper may be used.
- d) No student may borrow an e-device from another student during an examination/test session.
- e) Any deviation from these regulations will constitute an infringement of the examination and test regulations.
- f) Regarding the use of non-standard e-devices during examinations, the following applies:

In exceptional cases, permission for the use of non-standard e-devices may be given. An application with motivation to this effect must be handed in two weeks before the commencement of the examination. In each case, measures must be taken to clear the memory

of the e-devices before it is taken into the examination hall. On each examination paper, it must be stated whether a pocket e-device with memory may be used and, if so, that the memory must be cleared. The student and the invigilator must ascertain this and must then sign a statement to this effect.

*Die volgende beleid ten opsigte van e-toestelle is goedgekeur:*

- a) *Voorgeskrewe e-toestelle mag gebruik word, maar word nie voorsien nie.*
- b) *Indien die e-toestelle ter sprake nie akkuraat genoeg beskryf kan word nie moet die eksaminator persoonlik teenwoordig wees om die e-toestelle te kontroleer.*
- c) *Die hooftoesighouer moet by die aanvang van elke eksamensessie/toets die kandidate se aandag pertinent daarop vestig dat slegs e-toestelle aanvaar word soos op die vraestel vermeld.*
- d) *Geen student mag gedurende 'n eksamen en/of toetsessie 'n e-toestel by 'n ander student leen nie.*
- e) *Enige afwyking van hierdie voorskrifte sal 'n oortreding van die eksamen- en toetsregulasies wees.*
- f) *Wat die gebruik van nie-standaard e-toestelle tydens die eksamen betref, geld die volgende:*

*Toestemming sal in uitsonderlike gevalle verleen word om nie-standaard e-toestelle te gebruik. Aansoek met motivering moet twee weke voor die aanvang van die eksamen ingedien word. In elke geval moet maatreëls in plek geplaas word om die geheue van die e-toestel skoon te maak, voordat dit in die eksamenlokaal ingeneem mag word. Daar moet op elke eksamenvraestel aangedui word of 'n e-toestel met geheue, gebruik mag word en dit moet bevestig word dat die geheue skoongemaak is. Die student en toesighouer moet dit ook verifieer en 'n verklaring teken.*

#### **v. Admission to examination / Toelating tot die eksamen**

The requirements regarding undergraduate examination are stipulated in General Academic Rule 1.13.2.

A student who achieved the required participation mark or proof of participation prescribed by the Faculty rules, is admitted to the examination in the relevant module.

"Proof of participation" is a confirmation by the lecturer in a specific module that a student participated satisfactorily in the teaching-learning activities and in the performance of teaching-learning assignments in accordance with the curriculum requirements, whereby the student is admitted to a final assessment in that module or part of that module.

In the Faculty of Engineering a minimum participation mark of 40% must be achieved for admission to the examination (General Academic Rule 1.13.2.1).

The participation mark for a module is made up of marks for tests, assignments, and practical work. For each teaching-learning task (class tests, assignments, reports, etc.) executed by means of formative assessment in a module, a mark will be awarded. A student's participation mark is the weighted average of these marks (General Academic Rule 1.13.1.1).

Admission to the examination in any module is obtained by the achievement of a proof of participation which will only be issued to a student if he/she:

- a) has fulfilled the specific requirements required for the relevant module as explained in the study guide;
- b) where applicable, has completed the practical work required for a module; and
- c) has achieved a participation mark of at least 40%.

The relationship between theory and practical work for the calculation of the participation mark of a module is explained in the relevant study guide.

The proof of participation the student achieved for a module for the first examination opportunity is carried over to the second examination opportunity.

*Die vereistes ten opsigte van toelating tot eksamen, word vervat in Algemene Akademiese Reël 1.13.2.*

*’n "Deelnamebewys" is ’n bevestiging van die dosent in ’n bepaalde module dat ’n student ooreenkomstig die toepaslike kurrikulumvoorskrifte bevredigend aan onderrig-leeraktiwiteite en die uitvoering van onderrig-leeropdragte deelgeneem het, waardeur die student tot ’n finale assessering in die betrokke module of onderdeel daarvan toegelaat word.*

*In die Fakulteit Ingenieurswese moet ’n minimum deelnamepunt van 40% behaal word vir toelating tot die eksamen (Algemene Akademiese Reël 1.13.2.1).*

*Die deelnamepunt vir ’n module word saamgestel uit toetse, werkstukke en praktiese werk. Vir elke onderrigleeropdrag (klastoetse, werkstukke, opgawes, ensovoorts) wat by wyse van formatiewe assessering in ’n module uitgevoer word, word ’n punt toegeken. ’n Student se deelnamepunt is die geweegde gemiddelde van hierdie punte (Algemene Akademiese Reël 1.13.1.1).*

*Toelating tot die eksamen in enige module geskied dus deur die verwerwing van ’n deelnamebewys en ’n deelnamebewys/-punt sal slegs aan ’n student uitgereik word indien hy/sy:*

- a) *Voldoen het aan die spesifieke vereistes daarvoor wat in die studiegids vir die betrokke module uiteengesit is;*
- b) *Waar van toepassing, die praktiese werk wat vir ’n module vereis word, voltooi het; en*
- c) *’n Deelnamepunt van minstens 40% behaal het.*

*Die verhouding tussen teorie en praktiese werk vir die berekening van die deelnamepunt vir ’n module word in die betrokke studiegids uiteengesit.*

*Die deelnamebewys van die student wat vir ’n module verwerf is vir die eerste eksamengeleentheid, word oorgedra na afloop van die tweede eksamen geleentheid.*



**vi. Relationship between credits, teaching periods and examination papers / *Verhouding tussen kredietpunte, onderrigperiodes en eksamenvraestelle***

Modules are grouped according to their level of advancement, which may also be related to the year of study in which the modules are taken in a specific programme if the programme is to be completed in the minimum study period.

The engineering curricula are put together with a view to the minimum period of four years (BEng degree). A student may apply to spread the modules of a programme over a longer period. Extension of the maximum study time of a programme due to a lack of progression by the student will only be allowed in exceptional circumstances.

The order in which the modules are taken is not arbitrary but is designed to ensure that subsequent learning builds on previous learning.

The duration for an examination paper for an 8 or 12-credit module should normally (but not limited to) be two hours and for 16, 24 or 32 credit modules, three hours.

*Modules is volgens vlakke van gevorderdheid ingedeel, wat ook verband kan hou met die studiejaar waarin die modules in 'n bepaalde program geneem word, indien die program in die minimum studietydperk voltooi word.*

*Die kurrikulums van ingenieurswese is saamgestel vir die minimum studietydperk van vier jaar (BEng-kwalifikasie). 'n Student kan aansoek doen om die modules van 'n program ook oor 'n langer tydperk te versprei. Oorskryding van die maksimum studietydperk van 'n program, omdat die student nie na wense gevorder het nie, sal slegs in uitsonderlike gevalle toegelaat word.*

*Die volgorde waarin modules in 'n program geneem moet word, is nie willekeurig nie, maar ontwerp om te verseker dat volgende leer altyd op vorige leer voortbou. In elke betrokke studiegids word volledige inligting oor 'n spesifieke module gegee.*

*Die eksamenvraestel vir 'n 8 of 12-kredietpunt module duur gewoonlik (maar nie beperk nie) twee ure en die eksamenvraestelle van modules wat 16, 24 of 32 kredietpunte tel, duur gewoonlik drie ure.*

**vii. Moderating of modules, examination papers and answer papers / *Moderering van modules, vraestelle en antwoordstelle***

General Academic Rules 2.5.1 is applicable as well as Faculty rules where the requirements of Statutory Councils are stated.

*Algemene Reëls 2.5.1 is van toepassing asook fakulteitsreëls waar Statutêre Rade se vereistes gestel is.*

**viii. Calculation of module mark / *Berekening van modulepunt***

The module mark (General Academic Rule, glossary) is calculated by using the ratio between the participation mark and the examination mark as set out in the study guide.

*Die modulepunt (Algemene Reël, verklarende woordlys) word bereken volgens die verhouding tussen die deelnamepunt en die eksamenpunt soos uiteengesit in die studiegids.*

Module mark refers to the final mark awarded to a student for a particular module. It is calculated according to a formula which is determined by Faculty rules, based on a combination of particular weightings for the participation mark and the summative assessment mark awarded to a student in a module; the weight of the participation mark in the above-mentioned formula should be indicated in the studyguide. In the case of continuous assessment, the module mark is calculated according to a weighted average of all assessments as indicated in the study guide.

*Die modulepunt verwys na die finale punt wat 'n student verwerf het vir 'n module. Dit word bereken volgens die fakulteitreëls wat gebaseer is op 'n geweegde gemiddeld tussen die deelnamepunt en die summatiewe assesseringspunt behaal deur die student. Die deelnamepunt se bydrae moet aangedui word in die studiegids. Vir kontinue assessering word die modulepunt bepaal deur 'n geweegde gemiddeld van al die assesserings soos aangedui in die studiegids.*

**ix. Pass requirements / Slaagvereistes van 'n module**

Under General Academic Rule 1.13.3 the following applies for the Faculty of Engineering:

A final assessment mark in a module will be considered a pass if a student, admitted to assessment, has attained the required final module mark of at least 50% in the assessment and provided that the sub-minimum as laid down in the Faculty rules has been achieved. (For Engineering modules 40% is the sub-minimum for the examination).

Where a first-time entering student who has registered for the first time for an undergraduate programme at the University fails any first-year module with no less than 40% in the first semester but achieves an examination mark of at least 50% in that module, the relevant School Director may allocate a pass mark of 50% to the student (General Academic Rule 2.5.2).

The final module mark is composed, in accordance with the Faculty rules, of the mark attained by the student in the examination and the participation mark in respect of the module, provided that in the calculation of the module mark the weight attached to the participation mark is as indicated in the studyguide, depending on the specific requirements of the different academic disciplines. The sub-minimum for examinations in all modules will be 40% except where a higher sub-minimum has been laid down in the Faculty rules or study guide (General Academic Rule 1.13.3).

When ECSA Graduate Attributes are assessed at exit level, the student is required to prove satisfactory achievement of the GA in parallel to passing the module. Failure of either one will lead to the student having to repeat the module.

The module mark for each module is therefore calculated by the average of the participation mark and the examination mark. The relevant study guide must explain the calculation if it differs from the above. General Academic Rule 1.13.3 must be applied.

For continuous assessment, the student is deemed to have passed the module when the final module mark, calculated from the weighted average of all assessments, is above 50%, and when the student has adhered to all sub-minimum requirements set for specific assessments.

For all modules being moderated by an external or internal moderator, the final results obtained will be those awarded after the process has been finalised according to Faculty procedures and guidelines for this.

*Kragtens Algemene Akademiese Reël 1.13.3 geld die volgende reëls vir die Fakulteit Ingenieurswese:*

*’n Finale assesseringspunt word as ’n slaagpunt beskou as die student tot assessering toegelaat is, en die vereiste modulepunt van minstens 50% in die assessering behaal het, met dien verstande dat ten minste 40% in die eksamen behaal moet word.*

*Waar ’n bona fide-eerste-inskrywingstudent in enige eerstevlakmodule van die eerste semester gedruip het, kan die Skooldirekteur nogtans ’n slaagpunt van 50% daarvoor toeken, mits ’n eksamenpunt van minstens 50% in daardie module behaal is (Algemene Akademiese Reël 2.5.2). Dit kan vir Ingenieurswese in uitsonderlike gevalle oorweeg word, waar ’n enkele module uitstaande is om die semester te slaag.*

*Die modulepunt word ooreenkomstig met die fakulteitsreëls saamgestel uit die punt wat ’n student in die eksamen vir ’n module verwerf het en die deelnamepunt ten opsigte van die module, met dien verstande dat die deelnamepunt se gewig in die berekening van die modulepunt uiteengesit is soos in die studiegids mag bedra nie (Algemene Akademiese Reël 1.13.3).*

*Wanneer ECSA Graduandi-eienskappe (GAs) op uittreevlak geassesseer word, moet die student kan bewys dat hierdie eienskap bemeester is, parallel tot die punt verkry vir die module. As of die GA of die modulepunt nie suksesvol behaal is nie, sal die module gedruip word en moet die student die module herhaal.*

*Die modulepunt vir elke module word dus bereken deur die gemiddeld van die deelnamepunt en die eksamenpunt te bereken. Afhangende van die spesifieke vereistes van verskillende modules moet die berekening van die deelnamepunt asook modulepunt in die betrokke studiegids duidelik uitgespel word, indien dit van b.g. verskil en Algemene Akademiese Reël 1.13.3 moet in sodanige gevalle toegepas word.*

*Alle modules wat ekstern of intern gemodereer word se punt word eers as finaal beskou nadat die moderering afgehandel en die verslag van die moderator ontvang is.*

**x. Access to marked examination work / Toegang tot gemerkte eksamenwerk**

With reference to General Academic Rule 1.13.7 a student can officially apply to the School Director for access to marked examination work as well as the memoranda. The internal process is fully described in the Quality Manual, Reassessment of Scripts.

Students may still make use of the second opportunity examinations after access was allowed to marked examination scripts of the first examination opportunity.

*Met verwysing na Algemene Akademiese Reël 1.13.7 mag ’n student by die Skooldirekteur aansoek doen om insae in sy/haar antwoordstel asook die memorandum vir ’n spesifieke vraestel te verkry.*

*Die interne prosedure word volledig uiteengesit in die Kwaliteitshandleiding, Reassessment of Scripts.*

*Die student mag steeds van die tweede eksamengeleentheid gebruik maak, al is toegang tot gemerkte eksamenwerk na ’n eerste eksamengeleentheid verleen.*

**xi. Repeating of modules / Herhaling van modules**

If a student does not pass either of the two examination opportunities following the achievement of a participation mark for a relevant module, the module must be repeated in its entirety and a new participation mark accumulated. Class exemption is not granted.

Furthermore, it is assumed that if a module is discontinued after the semester test, it will be considered that the module has been taken during that semester.

*Indien 'n student nie tydens een van die twee eksamengeleenthede wat volg op die verwerwing van 'n deelnamepunt vir 'n bepaalde module, in die eksamen slaag nie, moet die module herhaal word en 'n nuwe deelnamepunt saamgestel word. Klasvrystelling word nie toegelaat nie.*

*Verder geld die veronderstelling dat indien 'n module na die semestertoets eers gestaak word, dit tel asof die module daardie semester geneem is.*

## **ENG.2.10 ATTAINMENT OF AN UNDERGRADUATE QUALIFICATION / VERWERWING VAN VOORGRAADSE KWALIFIKASIE**

### **ENG.2.10.1 Satisfaction of requirements / *Voldoening aan die vereistes***

By virtue of General Academic Rules 1.3.3, 1.14, 1.17 and 1.19.3, an undergraduate qualification is obtained when final verification and audit confirmation are given that a student has successfully completed all the modules prescribed in the applicable Faculty rules for the programme of the qualification concerned (General Academic Rule 2.6.1).

*Kragtens Algemene Reëls 1.3.3, 1.14, 1.17 en 1.19.3, word 'n voorgraadse kwalifikasie verwerf, wanneer finale verifikasie en oudit bevestig dat 'n student aan al die vereistes en uitkomstes van die spesifieke program waarvoor geregistreer is, voldoen het.*

*Al die voorgeskrewe modules, soos in die betrokke programdokument en fakulteitsreëls vervat, moet suksesvol voltooi word, alvorens 'n graad toegeken word (Algemene Akademiese Reël 2.6.1).*

### **ENG.2.10.2 Awarding of a qualification with distinction / *Toekenning van graad met lof***

In order to receive the degree of Bachelor of Engineering with distinction, a student must complete the degree in the minimum period of four years (unless medically interrupted as stated by A-Rule 2.6.2.2 for which the student has to apply for recognition at the office of the Director of the CEE after which a decision will be taken by the Executive Dean, the Director of the CEE and the School Director) and must have achieved a weighted average of 75% for all core modules of the degree over the four years of study. The weighted average is calculated by firstly determining the weighted average mark for each year based on the credit load per core module for that year. From there, the weighted average per year will be calculated by taking year one as 10%, year two as 20%, year three as 30% and year four as 40 % of the final average mark.

*Ten einde vir die toekenning van die graad Baccalaureus in Ingenieurswese met lof te kwalifiseer, moet 'n student die graad in die minimum tydperk van vier jaar voltooi (tensy die studies onderbreek was as gevolg van mediese redes soos uiteengesit in Algemene Akademiese Reël 2.6.2.2, waarna die student moet aansoek doen vir herkenning by die kantoor van die Direkteur van die Sentrum vir Ingenieursonderrig, en waarna 'n besluit geneem sal word deur die Uitvoerende Dekaan, die Sentrum Direkteur en die betrokke Skool Direkteur) en 'n geweeegde gemiddeld van 75% vir al die kernmodules van die graad oor die vier jaar van studie behaal.*

*In die berekening word die kredietwaarde van modules ook in ag geneem. Verder tel jaargang een 10%, jaargang twee 20%, jaargang drie 30% en jaargang vier 40 % van die gemiddelde totaal.*

## **ENG.2.11 ASSUMED LEARNING-BASED PROGRESS IN A CURRICULUM / VORDERING IN 'N PROGRAM GEBASEER OP VERONDERSTELDE LEER**

General Academic Rule 1.8 explains the principles of linked and concurrent modules.

In compiling each curriculum, care has been taken that assumed learning, i.e., the necessary prior knowledge and the general level of insight and experience needed to comfortably complete the prescribed modules for a specific semester of a curriculum, has been acquired in the preceding semesters.

A student, who has failed one or more modules in a preceding semester, will probably not be adequately equipped to take the modules of the following semester. Such students are advised to consult the School Director beforehand to find out for which modules of the relevant semester they may register with a reasonable expectation of success.

The rules aim to ensure that a student in any semester will only register for those modules for which he/she has at least the minimum prior knowledge.

When students change from one programme to another, the entrance level for the new programme will have to be determined in consultation with the School Director under which the relevant curriculum falls. A module in any curriculum may only be registered for if it conforms to the requirements regarding assumed learning, as indicated in the study guide/list of modules.

*Algemene Akademiese Reël 1.8 vervat die beginsels van verwante en veronderstelde leer ten opsigte van modules.*

*By die saamstel van elke program is verseker dat veronderstelde leer, dit wil sê die nodige voorkennis en algemene vlak van insig en ervaring wat nodig is om die modules wat in 'n bepaalde semester van 'n program voorgeskryf is met gemak te kan volg, reeds in die voorafgaande semesters verwerf is.*

*'n Student wat een of meer modules in die voorafgaande semesters gedruip het, sal waarskynlik nie voldoende toegerus wees om die modules van die volgende semester te neem nie. Sulke studente word aangeraai om die Skooldirekteur vooraf te raadpleeg om vas te stel vir watter modules van die betrokke semester hulle wel met 'n redelike verwagting op sukses kan registreer.*

*Die reëls in hierdie verband het ten doel om te verseker dat 'n student in enige semester slegs vir daardie modules registreer waarvoor hy/sy wel oor die minimum voorkennis beskik.*

*Studente wat van een program na 'n ander program omskakel se intreevlak in die nuwe program sal in oorleg met die Skooldirekteur waarbinne die betrokke program ressorteer, bepaal word.*

*Registrasie van 'n module uit enige program kan slegs geskied indien aan die eise ten opsigte van veronderstelde leer, soos in die studiegids/modulelys van 'n betrokke module aangedui is, voldoen is.*

### **ENG.2.11.1 Requirements with respect to assumed prior learning for BEng programmes / Vorderingsvereistes ten opsigte van veronderstelde leer vir BIng-programme**

Regarding the requirements with respect to assumed prior learning of engineering modules, the following apply:

- a) Where a first-semester module in a certain year level is a prerequisite for assumed prior learning of a second-semester module or a module from one year level is a prerequisite with respect to assumed prior learning of a module of the following year level, a pass mark (module mark) of at least 50% must be achieved in that prerequisite module, before the following module may be taken.
- b) An auxiliary module must be taken in the same semester as the module on which it has bearing.
- c) A student registered for a degree that leads to professional or statutory registration (i.e., BEng programmes too) may only register for final year modules after all preceding modules have been passed (General Academic Rule 2.4).

*Wat vereistes ten opsigte van veronderstelde leer van Ingenieurswese modules betref, geld die volgende:*

- a) *Waar 'n eerste semestermodule in 'n bepaalde jaarvlak 'n voorvereiste ten opsigte van veronderstelde leer vir 'n tweede semestermodule is, of 'n module uit een jaarvlak, 'n voorvereiste ten opsigte van veronderstelde leer vir 'n module van die volgende jaarvlak is, moet 'n slaagpunt*

*(modulepunt) van minstens 50% in daardie voorvereiste module behaal word, voordat die opvolgmodule geneem mag word.*

- b) Wat 'n nuwe-vereiste module betref word dit in dieselfde semester gevolg as die module waarop dit betrekking het.*
- c) Aangesien BIng as 'n professionele graad beskou word wat tot professionele registrasie lei, mag 'n student kragtens Algemene Akademiese Reël 2.4 slegs vir finalejaarsmodules registreer indien al die voorafgaande modules geslaag is.*

## **ENG.2.12 MONITORING OF ACADEMIC PERFORMANCE / MONITERING VAN AKADEMIESE VORDERING**

General Academic Rules 1.15 and 1.16 apply.

A student is deemed not to have made satisfactory academic progress if, in a semester, the student achieves less than half the credits required for the applicable programme as prescribed in die Faculty rules applicable to the mode of delivery and attendance mode (General Academic Rule 1.15.1).

Subject to additional arrangements provided for in Faculty rules, a student whose academic performance is unsatisfactory may be given a written warning by the relevant Executive Dean, alerting the student to the implications of unsatisfactory academic progress for the completion of the study programme, and providing a basis for the applicable lecturer or programme leader to review the unsatisfactory progress with the student and refer the student for appropriate support, including academic advice, supplemental instruction and study counselling (General Academic Rule 1.15.2).

Every school must monitor the academic progress of students who have received warning letters (General Academic Rule 1.15.3).

*Algemene Akademiese Reël 1.15 asook 1.16 is van toepassing:*

*'n Student wat nie goeie akademiese vordering toon nie word beskou as 'n student wat gedurende 'n semester minder as die helfte van die verwagte krediete vir die betrokke program behaal het, soos bepaal in die fakulteitsreëls vir die afleweringmetode en of dit 'n kontak- of afstandsprogram is (Algemene Akademiese Reël 1.15.1).*

*Onderhewig aan bykomende maatreëls in die fakulteit, kan 'n geskrewe waarskuwing aan 'n student wie swak akademiese vordering toon deur die Uitvoerende Dekaan uitgereik word, wat die student se aandag op die gevolge van swak akademiese vordering vir die afhandeling van die program vestig, en wat die betrokke dosent of programbestuurder in staat sal stel om die swak vordering met die student te bespreek en hom/haar te verwys vir gepaste ondersteuning, insluitend akademiese advies, aanvullende onderrig en studie berading (Algemene Akademiese Reël 1.15.2).*

*Elke skool moet die akademiese vordering van studente wat waarskuwingsbriewe ontvang het monitor (Algemene Akademiese Reël 1.15.3).*

## **ENG.2.13 PROGRESSION REQUIREMENTS (GENERAL ACADEMIC RULE 1.16)/ VORDERINGSVEREISTES (ALGEMENE AKADEMIESE REËL 1.16)**

In order to ensure that a sufficient percentage of the credit load of the programme for which the student is registered is completed within the maximum duration allowed for the study –

- a) a contact student must obtain at least 66% of the total credits that are required for the programme up to the historic year level for which the student is registered; and
- b) a distance student must obtain at least 66% of the total credits that are required for the curriculum up to the historic year level for which the student is registered.

A student who fails to comply with the progression requirements provided for in General Academic Rule 1.16.1 does not automatically qualify to continue study in the applicable programme.

After every examination period the responsible Executive Dean must, in consultation with the Faculty Management Committee or other applicable Faculty structure, review the academic records of all students to determine the students' compliance with the progression requirements.

Should the responsible Executive Dean decide to terminate a student's registration due to failure to comply with the progression requirements, the student may, within ten days of the date of such decision, submit to the Faculty manager a motivated request in the prescribed form to be readmitted to the study.

The Executive Dean's decision to grant or refuse a request for readmission submitted in terms of General Academic Rule 1.16.4 is final.

The Executive Dean reports all the decisions taken in terms of this rule to the Registrar.

*Om te verseker dat 'n student die voldoende persentasie kredietlading van die program waarvoor hy/sy geregistreer is binne die maksimum duur van die studie voltooi –*

- a) moet 'n kontakstudent ten minste 66% van die totale krediete van die program tot en met die historiese jaarvlak waarvoor die student geregistreer is verwerf; en*
- b) 'n afstandstudent moet ten minste 66% van die totale krediete van die program tot en met die historiese jaarvlak waarvoor die student geregistreer is verwerf.*

*'n Student wat nie aan die vorderingsvereistes soos vervat in Algemene Akademiese Reël 1.16.1 voldoen nie, kwalifiseer nie vanselfsprekend om met sy/haar studies in daardie program voort te gaan nie.*

*Na afloop van elke eksamentydperk, moet die Uitvoerende Dekaan, in raadpleging met die Fakulteitsbestuurskomitee of ander toepaslike fakulteitstrukture, die akademiese vorderingsverslae van alle studente nagaan om studente se voldoening aan vorderingsvereistes te bepaal.*

*Indien die belanghebbende Uitvoerende Dekaan besluit om 'n student se studies te termineer omdat die student nie aan die verwagte vorderingsvereistes voldoen nie, mag die student binne 10 dae vandat die besluit geneem is, 'n gemotiveerde versoek om studies voort te sit, deur middel van die voorgeskrewe vorm, by die Fakulteitsadministrateur indien.*

*Die Uitvoerende Dekaan kan volgens Algemene Akademiese Reël 1.16.4 die besluit vir hertoelating toestaan of afkeur en daardie besluit is finaal.*



*Die Uitvoerende Dekaan lewer verslag aangaande alle besluite wat volgens hierdie reël geneem is, aan die Registrateur.*

